**15 Maart 2026**

**Oggend diens**

**Sing:** Ps. 122:1; Ps. 122:2; Ps. 34:2,8; Skr 8:1,2; Ps. 84:3,6

**Lees:** Gal. 1:1-12, 2:17-21

**Teks:** Gal. 1:4, 2:20

**Tema: Christus die gekruisigde leef in my sodat ons nou deur die geloof sal leef.**

***Christus gee homself***

Baie gelowiges worstel dikwels met die vraag of hulle seker kan wees en genoeg gedoen het om die ewige lewe te ontvang. In die brief aan die Galasiërs bevestig die Here weer aan die gelowiges die sekerheid wat hulle kan hê dat hulle salig is. Die sekerheid wat hulle het lê nie in hulle self nie, maar in dit wat Jesus Christus aan die kruis gedoen het. Hy het Homself oorgegee om vir ons sondes te sterf sodat ons gered kan word uit die teenwoordige bose wêreld. Jesus Christus alleen is die grond en die sekerheid van ons redding.

***Christus leef in ons***

Die sekerheid wat ons het in dit wat Christus vir ons gedoen het moet ons nou met 'n nuwe begrip na onsself laat kyk. Hy het die prys betaal aan die kruis, maar die gevolg is nou dat ons ook met Hom gekruisig is. Die implikasie hiervan is eenvoudig dat ons die lewe nie meer op grond van onsself en ons eie lewe het nie, maar deurdat Christus in ons leef. Hy is nie net die gewer van die ewige lewe nie, maar Hy is ook die gewer van die nuwe lewe waartoe ons geroep word.

***Ons leef deur die geloof***

Die lewe van die gelowige is nou deur die geloof en nie meer deur sy eie werke nie. Dit beteken nie dat ons nou nie meer die goeie hoef te doen nie, maar juis dat dit wat ons die geanker is in die geloof in Jesus Christus. Alles wat ons nou in ons lewe doen word deur ons geloof in Jesus bepaal. Dit is geloof wat deur die Heilige Gees in ons harte werk word en deur Wie ons sekerheid van ons redding en saligheid ontvang het.

**Aand diens**

**Sing:** Ps. 8:1,2,5,6; Ps. 146:1,8; Ps. 89:17.

**Lees:** Gen. 4:1-16; Son 40

**Teks:** Son 40.

**Tema: God eis dat ons op grond van die liefde ons en ons naaste se lewe sal bewaar.**

***Die gawe van die lewe.***

Ons hoor vandag baie debatte wat direk oor die gawe van die lewe handel. Daar word in gesprekke gepraat oor genadedood, aborsie, moord en doodslag. In die sesde gebod bepaal die Here hoe sy kinders met hierdie gawe moet omgaan. In die geskiedenis van Kain en Abel sien ons dat die Here steeds die wonder van lewe gee ondanks die feit dat hulle nie meer in die paradys is nie. Die lewe van die mens is meer as net biologiese prosesse van asemhaling. Wie hom dus aan die lewe van sy naaste vergryp, vergryp hom aan die gawe van God.

***Die verantwoording oor die lewe.***

Kain het hom aan die lewe van sy broer vergryp. Uit jaloesie het hy vir Abel doodgemaak toe sy offer nie deur die Here aangeneem is nie. Die Here as die kenner van die harte sien egter hierdie daad van Kain en roep hom tot verantwoording. Die aanslag van die Satan op die lewe van God se kinders sal nie verflou nie en daarom moet ons voortdurend verantwoording oor ons omgang met die lewe doen. Baie mense dink dat hulle lewe iets in hulle eie hande is, maar die Here eis verantwoording oor van ons oor ons lewe.

***Die beginsel in die lewe.***

Die eis om die lewe te ag as gawe van God waaroor ons as mense verantwoording moet doen staan geanker in die gebod van liefde. die mens moet sy eie lewe liefhê en die lewe van sy naaste. Dit beteken nie net dat ons nie ons hand aan die lewe van ons naaste mag slaan nie, maar ons is geroep om in alles liefde aan mekaar te betoon. Dit beteken ook dat ons die voordeel in die lewe van ons naaste sal soek. Dit is in hierdie lig wat ons op die wonder van die lewe kan ag gee.